Oordenking
12 April 2010

Christus die eersteling uit die dood.

Christus se opstanding het nie gelei tot 'n liggaam wat presies is soos die een wat ons nou het nie. Christus het opgestaan tot 'n ewige lewe. Hy sal nooit weer sterf nie. Onthou Christus Jesus se woorde in Openbaring: *(Open 1:18) Ek is die Lewende. Ek was dood en kyk, ek leef tot in ewigheid.*

1 Kor 15:20: "*Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.*" Christus het waarlik opgestaan. God het Hom uit die dood opgewek, deur sy krag en volgens sy plan en wil.

En Christus is net die "Eersteling". Onthou die betekenis van die "eerstelinge" van die oes in die Ou Testament. Dit was 'n belofte aan Israel om nog baie meer te verwag: Meer gars, meer melk, meer heuning, meer druiwe, meer lammers, meer kinders en kleinkinders, meer seëninge, meer vreugde!
Christus as "Eersteling" is God se belofte van baie meer seën wat vir ons op pad is: meer opstandings uit die dood, meer lewe, meer vreugde, meer tevredenheid, meer geloofsekerheid, groter volheid in God se ewige Koninkryk.

Daar bestaan dus 'n oorsaaklike verbintenis tussen die opstanding van Christus en die opstanding van die gelowiges. Christene se toekoms is onherroeplik verbonde aan wat met Christus gebeur het. Omdat Hy opgestaan het uit die dood, verwag die gelowiges om uit die dood op te staan.

Omdat Christus die dood oorwin het, weet ons dat God se trompette eendag sal blaas en dat ons wakker geskud sal word om vir ewig te lewe.
Ja, die dood is steeds 'n werklikheid. Maar ons dank God wat aan ons die oorwinning gee, selfs oor die liggaamlike dood, deur die lewe van ons Here, Jesus Christus. (1 Kor 15:57).
En daardie oorwinningslewe begin nou!